

Die
Meesterplan
ONTVOU
Matteus 1:1-17

"I love it when a plan comes together!"



Matteus 1:1-17

1 Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van
Dawid, die seun van Abraham:
2 Abraham was die vader van Isak, Isak van Jakob, en Jakob
van Juda en sy broers; 3 Juda was die vader van Peres en
Serag by Tamar, Peres van Gesron, en Gesron van Ram;
4 Ram was die vader van Amminadab, Amminadab van
Nagson, en Nagson van Salmon; 5 Salmon was die vader
van Boas by Ragab, Boas van Obed by Rut, Obed van Isai;
6 Isai was die vader van koning Dawid.

Dawid was die vader van Salomo by die vrou van Urija;
7 Salomo was die vader van Rehabeam, Rehabeam van Abia
en Abia van Asa; 8 Asa was die vader van Josafat, Josafat van
Joram, en Joram van Ussia; 9 Ussia was die vader van
Jotam, Jotam van Agas, en Agas van Hiskia; 10 Hiskia was
die vader van Manasse, Manasse van Amon, en Amon van
Josia; 11 Josia was die vader van Jojagin en sy broers. Toe is
die volk weggevoer na Babilonië toe.

Matteus 1:1-17

12 En na die Babiloniese ballingskap was dit so: Jojagin was
die vader van Sealtiël, en Sealtiël van Serubbabel;
13 Serubbabel was die vader van Abihud, Abihud van
Eljakim, en Eljakim van Asor; 14 Asor was die vader van
Sadok, Sadok van Agim, en Agim van Elihud; 15 Elihud was
die vader van Eleasar, Eleasar van Mattan, en Mattan van
Jakob; 16 Jakob was die vader van Josef, die man van Maria
uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word.

Matteus 1:1-17

17 Altesaam was daar dus veertien geslagte van Abraham af
tot by Dawid, veertien van Dawid af tot by die Babiloniese
ballingskap en veertien van die Babiloniese ballingskap af
tot by Christus.

# Joodse lesers met ’n intense verwagting



## Jesaja 11:1-5

1 'n Takkie sal uitspruit
uit die stomp van Isai,
'n loot uit sy wortels sal vrugte dra.
2 Die Gees van die Here sal op hom rus:
die Gees wat wysheid en insig gee,
die Gees wat raad en sterkte gee,
die Gees wat kennis verleen en eerbied vir die Here.

Jesaja 11:1-5

3 Die takkie sal vreugde vind in die diens van die Here.
Hy sal nie regspreek volgens uiterlike skyn nie
en nie oordeel volgens hoorsê nie.
4 Hy sal die armes billik verhoor
en die ootmoediges in die land regverdig oordeel.
Hy sal die goddeloses in die land hard oordeel,
met sy uitsprake sal hy hulle om die lewe bring.
5 Hy sal regverdig en betroubaar regeer.

# Jesus is die Messias!

- Jesus is God se Nuwe begin



# Jesus is God se nuwe begin

- Βίβλος γενέσεως
- Jesus: Redder
- Christus: Gesalfde
- Seun van Dawid



# 2 Samuel 7:12-16

12 Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus,
sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en
aan hom 'n bestendige koningskap gee. 13 Hy sal vir my
Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat
voortbestaan. 14 Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir
My 'n seun wees. As hy ontrou is, sal Ek mense gebruik
om hom te straf, hom te kasty. 15 Maar my trou sal Ek nie
aan hom onttrek soos Ek dit aan Saul onttrek het om vir
jou plek te maak nie. 16 Jou koningshuis en jou koningskap
sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan.”

# Jesus is God se nuwe begin

- Βίβλος γενέσεως
- Jesus: Redder
- Christus: Gesalfde
- Seun van Dawid
- Seun van Abraham



Genesis 18:18

18 Abraham sal tog 'n groot en sterk nasie
word en in hom sal al die nasies van die
aarde geseën word.

# Jesus is die Messias!

- Jesus is God se Nuwe begin
- Aan Hom kom al die EER toe
- Vervulling van God se beloftes



# Vervulling van God se beloftes

- Abraham: God is getrou!
- Dawid: Jesus is Koning!
- Ballingskap:
  Jesus maak vry!



# Niks kan God se plan keer nie



# Niks kan God se plan keer nie

- Abraham
- Jakob
- Dawid
- Salomo



# Niks kan God se plan keer nie

- Hy kom ten spyte van ons sonde



# Niks kan God se plan keer nie

- Tamar
- Ragab
- Rut
- Urija se vrou



# Niks kan God se plan keer nie

- Hy kom ten spyte van ons sonde
- Hy kom vir ALMAL en al die nasies!



*Galasiërs 3:28-29*

28Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of
vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal
één. 29En as julle aan Christus behoort, is julle ook
nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die
belofte van God.

# Advent 2019 ...



Openbaring 22:12-17

[12]Jesus sê toe weer: “Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon
saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het.
**[13]Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die**
**Laaste, die Begin en die Einde.**
[14]“Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan
hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die
stad kan ingaan.

## Openbaring 22:12-17

15 Buitekant is die dwaalleraars, die bedrieërs en die
onsedelikes, die moordenaars en die afgodsdienaars en
almal wat valsheid liefhet en doen. 16 "Ek, Jesus, het my
engel gestuur om dit alles aan julle in die gemeentes te
betuig. **Ek is die Wortel, dit is, die Nakomeling van
Dawid. Ek is die helder Môrester**."

Openbaring 22:12-17

17 Die Gees en die bruid sê: "Kom!"
En elkeen wat dit hoor, moet sê: "Kom!"
En elkeen wat dors het, moet kom;
elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom
kry, verniet!


Die
Meesterplan
ONTVOU
Matteus 1:1-17